

Subject: Verander geslag
From: "Tracey Strydom" <tracey@bonsmara.co.za>
Date: 2026/02/25, 10:09
To: <lea@studbook.co.za>
CC: <bertusb@pcwireless.co.za>

Goeie more

Kan u asseblief geslag verander.
Baie dankie
Lekker dag verder

Groete/Kind regards,

Tracey Strydom
Reception & Inspections
tracey@bonsmara.co.za

118 Henrystreet | Westdene
Bloemfontein
PO BOX 12051 | Brandhof 9324
Tel: 051 448 6084 / 051 448 6085
Fax: 051 448 6327

BONSMARA SA
ANNIVERSARY HERDENKING

www.bonsmara.co.za

From: bertusb@pcwireless.co.za <bertusb@pcwireless.co.za>
Sent: Wednesday, 25 February 2026 07:48
To: 'Tracey Strydom' <tracey@bonsmara.co.za>
Subject: FW: Gewig en Speen aanmelding

More Tracey

Ek het gisteraand weer op BenguFarm en Logix gewerk en vergelyk. Alles is perfek reg lyk my. Baie dankie.

Daar is nog net een probleem wat ek op BenguFarm regkry, maar dit wil nie op Logix verander nie. Indien jy kan verander sal dit baie help. Indien dit nie meer verander kan word nie, dan verkoop die vers net later as 'n speenkalf.

DBB 250006 – Is as 'n vers op stelsels gelaai, maar is 'n manlike dier.
DBB 250007 – Is as 'n manlike dier op stelsels, maar is 'n vroulike dier

Die twee se geslag is verkeerd om ingelees op 'n tyd.

Dankie en groete

From: bertusb@pcwireless.co.za <bertusb@pcwireless.co.za>
Sent: Tuesday, 24 February 2026 12:17
To: 'Tracey Strydom' <tracey@bonsmara.co.za>; 'bernard@bonsmara.co.za' <bernard@bonsmara.co.za>
Subject: RE: Gewig en Speen aanmelding

Dankie Tracey

Dit gaan nou somer beter! Maar in elk geval altyd goed die kant. Solank ons gesond en versadig is is alles reg.

Jy het 'n groot klip teen 'n opdraande uit my pad uit gerol.

Groete

From: Tracey Strydom <tracey@bonsmara.co.za>
Sent: Tuesday, 24 February 2026 11:48
To: bertusb@pcwireless.co.za; bernard@bonsmara.co.za

Subject: Gewig en Speen aanmelding

Goeie more

Hoop dit gaan goed?
Ek het die gewigte op Logix gelaai
Lekker dag verder

Groete/Kind regards,



From: bertusb@pcwireless.co.za <bertusb@pcwireless.co.za>

Sent: Monday, 23 February 2026 21:26

To: bernard@bonsmara.co.za; tracey@bonsmara.co.za

Subject: Gewig en Speen aanmelding

Goeiedag Bernard en Tracey

Ek en Tracey het so week of wat gelede kommunikeer rakende data wat op Logix moet kom. Ten tyde was die Logix data redelik nie op datum nie en kon Tracey nie dit uitsorteer voor ek paar dinge aan my kant in lyn getrek het nie. Ek het nou gedoen wat ek kon met Bengufarm. Tracey het voorgestel indien niks regkry nie ek met Bernard moet kontak. Dit doen ek nou, maar ek het darem die Logix lys weer op datum wat diere betref.

Hier wil dinge nou nie verder werk nie en wil ek hoor of julle die kan gedoen kry?

Dit wil vir my lyk die Prestasietoetsgroepe is nie reg gelaai nie want wanneer die gewigte wil oplaai en deurstuur kry ek heeltyd die fout boodskap dat die diere reeds in 'n ander prestasie toetsgroep is wat dieselfde proses gebruik en kan ek nie die 12 en 18 maande data bysit nie. Vir dieselfde rede kry ek ook nie die Speen aanmelding gedoen nie. Die groepe is nie op BenguFarm gelys nie. Ek neem aan dit kan wees omdat Tracey so gaaf was om die geboortes en speengewigte op te laai toe Double Bravo Bonsmaras nog nie Bengufarm op lyn gehad het nie so ek het die toetsgroepe op Bengu "gebreek".

Die rede waarom dit so skielik moet regkom:

Double Bravo Bonsmaras is in die onderhandelingsproses om die stoet/kudde aan Mothopo Bonsmaras (Walter Doubell) te verkoop. Ons wil vir Oom Danie Olivier en/of Theuns Pistorius oornooi om te kom help selekteer en te klas en daarvoor moet die Logix data op datum wees. Double Bravo Bonsmaras se BenguFarm registrasie verval ook 28 Februarie en agv waarskynlike verkope is ek nie van plan om BenguFarm se kostes te betaal nie, so probeer die sake gou in plek kry.

Daar het 'n klompie dinge in my en Jaco se sakebelange verander die laaste 18 Maande wat veroorsaak het dat die stoet en data verwaarloos is. Dit is ook die rede vir verkoop/oordrag na Mothopo Bonsmaras wat in proses is en waarmee hulp nodig is.

Laat weet asb of en hoe julle kan help met die.

Die res van die kansellaries van manlike diere wat as slagvee verkoop gaan word sal ek kan doen, maar die Speengewigte moet eers aangemeld word om die koeidata reg te hou voor ek kanselleer.

Oordrag van diere behoort ook nie 'n probleem te wees nie, maar indien dit eers later gebeur sal ons dit van Mothopo se kant af ook "ingeneem" kan kry of weer met julle kontak om die kudde oor te dra as die seleksies gedoen is.

Dankie en groete

Bertus Blignaut
084 581 0808